**Saterdag 13 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 6:2-12**
**Fokusgedeelte: Hooglied 6:11 (AFR83/2020)**
**Die herstel van die verhouding en die vreugde daarna**

In Hooglied 5 het ons gelees van die droom wat die bruid gehad het dat haar geliefde van haar weggegaan het. In Hooglied 6 kry sy haar geliefde waar hy besig is om sy werk te doen en maniere te vind om sy liefde aan haar te wys. Sy fokus nie meer net op haar eie gevoelens nie, maar op die ooreenkoms wat hulle met mekaar het. Hulle is geestelik, emosioneel en fisies tot mekaar aangetrokke. Die man sing weer 'n lied waarin hy die skoonheid van sy vrou vergelyk met ander koninginne en byvroue. Daar is nie enige bitterheid in sy hart nie en hy verkies sy eie vrou bo enige iemand anders. En beide dink in dankbaarheid terug daaraan dat hulle nou weer bymekaar is.

Jesus Christus het ons verhouding met die Vader herstel deur as Middelaar vir ons sonde aan die kruis te sterwe. Die manier waarop hulle verhouding herstel is en die man weer die skoonheid van sy vrou besing, laat ons dink aan die manier waarop die Here ons sonde vergewe het deur nie eers weer daaraan te dink nie (Ps.103:12). In Openbaring 7:14 word God se kinders beskrywe as hulle wat "hulle lang stolas gewas, en wit gemaak (het) in die bloed van die Lam".

Die skoonheid van die bruid is vergelykbaar met die helder wit klere wat die kinders van die Here eendag gaan aantrek. En net so belangrik as wat die vergifnis en herstel in ons verhouding met die Here is, so belangrik is vergifnis en herstel ook in ons verhouding in die huwelik as daar spanning en onmin was.

*Sing: Lied 537:1, 3*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*